



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 9 Januarie 2021

Vanoggend

Tema: God kán

Skrifgedeelte: Markus 5:21-43 (vers 34)

Glo jy nog in die krag van God, in sy liefde en goedheid, en sy alvermoë? En as jy nog glo, verwag jy nog enige iets van God? Bid jy nog om sy voorsiening en sy sorg as jy in die nood is? As jy siek is of gebrek ly? As jy eensaam is of bekommerd? Glo jy dat Hy dan uitkoms kan bring?

Ons lees in ons teksgedeelte van 'n vrou wat geglo het in die mag van God, wat alles van Jesus verwag het – en dit ook ontvang het.

Ons Program

Vandag 9 Januarie

📖 **Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom (LW: Op versoek van Ruach is dit nie vanoggend 'n informele diens nie)

📖 **Deuroffer:** Jahwe

Woensdag

📖 Skole open. Sterkte aan al die onderwysers en leerders vir die nuwe jaar.

Sondag 16 Januarie: Nagmaal

📖 **Erediens** (Nagmaal) om 9:30 olv ds. Jaco Thom

📖 **Deuroffer:** ENGO

Dinsdag 17 tot Donderdag 20 Januarie: Week van Gebed om 18:00

📖 Ons staan vanjaar by 'n paar gedeeltes in 1 Korintiërs stil. Die tema is: **Christen-wees in 2022.**

- ▶ Maandag: Hoe kyk jy na mense? (1 Kor 1:1-9)
- ▶ Dinsdag: Ons verkondig Christus (1 Kor 2:1-16)
- ▶ Woensdag: Nie selfvertroue nie, maar Godsvertroue (1 Kor 10:1-13)
- ▶ Donderdag: Geloof is 'n lewenswyse (1 Kor 15:1-2)

Só glo ons

Heidelbergse Kategismus Vraag 36: Watter nut kry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Januarie

9 Gert Labuschagne

12 Ina Prinsloo & Adeline Badenhorst

15 Joanke Labuschagne



Voorbidding

- 📖 Hannes Nieuwoudt – Baie siek, hou hom asseblief in julle gebede.
- 📖 Dr. Hannes Hartman – Behandeling vir kwaadaardige gewas aan sy long.
- 📖 Janine van Jaarsveld – Voortgesette behandeling vir kwaadaardigheid.
- 📖 Chirlene Human – Ernstig siek in die hospitaal.
- 📖 Phillip du Plessis – Herstel by die huis ná trombose in die long.
- 📖 Vir al die onderwysers en leerders vir die 2022-skooljaar.

Dankbaarheid

Liewe medegelowiges van Petrusburg NGK,

Ek moes onlangs weer die les leer dat dankbaarheid nie 'n “doen-lysie” is nie. Dit behels nie items wat as daarvoor gepraat/gebid is, afgemerk kan word en agteraan geskryf kan word dat dit “gedoen” is nie. Dit sou impliseer dat dit finaal afgehandel is en dat 'n mens kan aanbeweeg na die

volgende item wat ook op soortgelyke wyse afgemerkt kan word.

Maar nee, dit is spontaan en nie noodwendig voorafbeplan nie. Iets waaroor jy al van tevore dankbaar was, kom meld soms onverwags aan en herinner jou om weer eens dankbaar te wees daarvoor. So was die nuus onlangs dat Olga (die meisie wat verslaaf was aan dwelms) se ma my inlig dat sy nou al 6 maande skoon is, in goeie gemoed is, volstoom op pad om haar verslawing te oorwin aan die hand van ons Vader wat haar daaglik toerus met krag, afhanklikheid en oortuiging om te volhard. Ek is opnuut dankbaar vir die verandering wat daar in haar lewe gekom het en dankbaar dat ons Vader niemand verwerp omdat jy foute gemaak het nie. So sien Hy ook my daaglikse glipse en foute oor, voorwaar iets om voor dankbaar te wees.

Meer nog: 'n dankbaarheidsgesindheid maak jou ontvanklik vir onverwagse insig oor sake waaroor jy dankbaar kan wees. Dit is nie 'n inventaris wat nagegaan moet word nie. Dit is eerder 'n lewenswyse wat ingestel is op fyn waarneming en lewe met oorgawe wat jou aanspoor om spontaan te reageer. Dit is juis daarin dat die vreugde en skoonheid van opregte dankbaarheid lê!

Kom ons vra hierdie week dat ons Vader ons met 'n dankbaarheids-gesindheid sal vul en ons die onverwagse vreugde van opregte dankbaarheid laat ervaar, tot Sy eer.

Ek herhaal graag my uitnodiging aan almal om oor Sy goedheid en sorg te praat en deur hierdie kanaal met mekaar te deel. Stuur jou bydrae anoniem, of onder jou naam na my (daleen.krige@gmail.com) en ons deel dit in die afkondigings op Sondae. Saam kan ons 'n danklied sonder weerga aanhef tot verheerliking van ons Heer!

Kom ons juig in dankbaarheid voor Hom!

Groete,

Daleen Krige.

Ten Slotte

Gebed vir die nuwe jaar

Here ons God

Hier aan die begin van die nuwe jaar wil ons geborgenheid en troos by U kom soek.

Daar is so baie dinge wat ons nie weet nie, so baie dinge wat vir ons nuut sal wees in die nuwe jaar, dinge wat op ons wag.

Dankie dat Ú weet wat dit is, Here.

Dankie dat U voor ons uitgaan, en agter ons aankom.

Dankie dat u liefde en trou ons omring, dat U ons bewaar,

dat ons skuiling by U kan vind, troos daarin kan vind dat U die Almagtige is, dat U van ewigheid tot ewigheid God is.

Dankie dat U vanjaar opnuut weer u ewige arms oopmaak om ons te versorg.

Dankie dat ons rus kan vind by u altare, Here van die Leërskaer.

Wil U ons dan in hierdie jaar toevou in u liefde, ons geloof versterk deur u Gees en ons hoop gee deur u Woord.

Amen.

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf: www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)
Kantoorure: Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening: ABSA Tjekrekening 2610580001